**Doeltreffendheid van ALIMTA plus Sisplatin vs. Sisplatin in Maligne Pleurale Mesoteliom**

Doeltreffendheid-parameter	Willekeurig Toegekende en Behandelde Pasiënte		Volledig Gesupplementeerde Pasiënte	
	ALIMTA/ sisplatin (n = 226)	Sisplatin (n = 222)	ALIMTA/ sisplatin (n = 168)	Sisplatin (n = 163)
<b>Mediaan Algehele Oorlewing (95 % BI)</b>	12,1 mde (10,0 - 14,4)	9,3 mde (7,8 - 10,7)	13,3 mde (11,4 - 14,9)	10,0 mde (8,4 - 11,9)
<b>Log-Rang p-waarde*</b>	0,020		0,051	
<b>Mediaan tyd tot tumor progressie (95 % BI)</b>	5,7 mde (4,9 - 6,5)	3,9 mde (2,8 - 4,4)	6,1 mde (5,3 - 7,0)	3,9 mde (2,8 - 4,5)
<b>Log-Rang p-waarde*</b>	0,001		0,008	
<b>Tyd tot mislukking van behandeling (95 % BI)</b>	4,5 mde (3,9 - 4,9)	2,7 mde (2,1 - 2,9)	4,7 mde (4,3 - 5,6)	2,7 mde (2,2 - 3,1)
<b>Log-Rang p-waarde*</b>	0,001		0,001	
<b>Algehele reaksiekoers** (95 % BI)</b>	41,3% (34,8 - 48,1)	16,7 (12,0 - 22,2)	45,5% (37,8 - 53,4)	19,6% (13,8 - 26,6)
<b>Fisher se eksakte p-waarde*</b>	<0,001		<0,001	

BI = betroubaarheidsinterval

\* p-waarde verwys na vergelyking tussen behandelingsbene

\*\* In die ALIMTA/sisplatin-been, willekeurig toegeken en behandel (n = 225) en volledig gesupplementeer (n = 167)

'n Statisties beduidende verbetering van die klinies relevante simptome (pyn en dispnee) geassosieer met maligne pleurale mesoteliom kon in die ALIMTA/sisplatin-been (212 pasiënte) versus die sisplatin-been alleen (218 pasiënte) gedemonstreer word deur die Longkanker Simptome Skaal te gebruik. Statisties beduidende verskille in pulmonale funksietoetse is ook waargeneem. Die behandelingsbene kon onderskei word deur die

verbetering van longfunksie in die ALIMTA/sisplatien-been en die agteruitgang van longfunksie met verloop van tyd in die kontrole been.

Daar is slegs beperkte data beskikbaar van pasiënte met maligne pleurale mesoteliom wat met ALIMTA op sy eie of ALIMTA in kombinasie met karboplatien behandel is.

ALIMTA teen 'n dosis van 500 mg/m<sup>2</sup> is as enkelmiddel in 64 chemonaiëwe pasiënte met maligne pleurale mesoteliom bestudeer. Die algehele reaksiekoers was 14,1 %.

ALIMTA teen dosisse wat gewissel het van 400 - 600 mg/m<sup>2</sup> is in 27 chemonaiëwe pasiënte met maligne pleurale mesoteliom bestudeer in kombinasie met karboplatien teen dosisse wat gewissel het van AOK 4-6, wat elk een keer elke 21 dae toegedien is. Die algehele reaksiekoers was 32 %.

'n Multisentrum, willekeurige, oop-etiket Fase 3 studie van ALIMTA versus doketaksel in pasiënte met plaaslik gevorderde of metastatiese NSCLC na vorige chemoterapie het klinies beduidende mediaan oorlewingsstye van 8,3 maande vir pasiënte behandel met ALIMTA (ITT = Voorneme Om Te Behandel bevolking n = 283), en 7,9 maande vir pasiënte behandel met doketaksel (ITT n = 288), getoon.

#### Doeltreffendheid van ALIMTA vs doketaksel in NSCLC - ITT-bevolking

	ALIMTA	Doketaksel
<b>Oorlewings tyd (maande)</b>	(n = 283)	(n = 288)
* Mediaan	<b>8,3</b>	<b>7,9</b>
* 95 % BI vir mediaan	<b>(7,0 - 9,4)</b>	<b>(6,3 - 9,2)</b>
* HR		<b>0,99</b>
* 95 % BI vir HR		<b>(0,82 - 1,20)</b>
* Nie-inferioriteit p-waarde (HR)		<b>0,226</b>
* % van doketaksel se oorlewingsvoordeel wat behou is		<b>102 %</b>
* 95 % BI vir % retensie		<b>(52 - 157 %)</b>
* Nie-inferioriteit p-waarde (% retensie)		<b>0,047</b>
<b>Progressie-vrye oorlewing (maande)</b>	(n = 283)	(n = 288)
* Mediaan	2,9	2,9
* HR (95 % BI)		0,97 (0,82 - 1,16)
<b>Tyd tot Mislukking van Behandeling (TTTF - maande)</b>	(n = 283)	(n = 288)
* Mediaan	2,3	2,1
* HR (95 % BI)		0,84 (0,71 - 0,997)
<b>Reaksie (n: gekwalifiseer vir reaksie)</b>	(n = 264)	(n = 274)
* Reaksiekoers (%) (95 % BI)	9,1 (5,9 - 13,2)	8,8 (5,7 - 12,8)
* Stabiele siekte (%)	45,8	46,4

BI = betroubaarheidsinterval; HR = gevaarverhouding; ITT = voorneme om te behandel;

n = grootte van totale bevolking.

### **Farmakokinetiese eienskappe:**

Die farmakokinetika van pemetreksed na enkelmiddel-toediening, is geëvalueer by 426 kanker pasiënte met 'n verskeidenheid soliede tumore teen dosisse wat gewissel het van 0,2 tot 838 mg/m<sup>2</sup> geïnfuseer oor 'n tydperk van 10 minute. Pemetreksed het 'n ewewigstoestand volume van distribusie van 16,1 liter. *In vitro* studies dui aan dat pemetreksed ongeveer 81 % aan plasmaproteïene gebonde is. Binding is nie merkbaar deur wisselende grade van nierinkorting beïnvloed nie. Pemetreksed ondergaan beperkte hepatiese metabolisme.

Pemetreksed word hoofsaaklik in die urine uitgeskei en 70 % tot 90 % van die toegediende geneesmiddel word onveranderd in die urine binne die eerste 24 uur na toediening herwin. Die totale sistemiese opruiming van pemetreksed is 91,8 ml/min en die eliminasië halfleeftyd uit plasma is 3,5 uur by pasiënte met normale renale funksie (kreatinienopruiming van 90 ml/min). Tussen-pasiënt variabiliteit in opruiming is matig teen 19,3 %. Die totale sistemiese blootstelling (AOK) en die maksimum plasmakonsentrasie van pemetreksed neem proporsioneel met dosis toe. Die farmakokinetika van pemetreksed is konsistent oor veelvoudige behandelingsiklusse.

### **INDIKASIES:**

ALIMTA word aangedui vir die behandeling van pasiënte met maligne pleurale mesoteliom in kombinasie met siplatien.

ALIMTA word aangedui in kombinasie met siplatientherapie vir die aanvanklike behandeling van pasiënte met plaaslik gevorderde of metastatiese nie-kleinsellongkanker behalwe dié met oorheersende plaveiselagtige selhistologie.

ALIMTA word aangedui as monoterapie vir die behandeling van pasiënte met plaaslik gevorderde of metastatiese adenokarsinoom van die long na vorige chemoterapie.

ALIMTA word aangedui as monoterapie vir instandhoudingsbehandeling van plaaslik gevorderde of metastatiese adenokarsinoom van die long by pasiënte wie se siekte nie gevorder het nie, onmiddellik na standaard chemoterapie.

### **KONTRA-INDIKASIES:**

ALIMTA word teenaangedui by pasiënte met bekende hipersensitiwiteit teen pemetreksed of teen enigeen van die mengmiddels.

### **WAARSKUWINGS:**

ALIMTA kan beenmurgfunksie onderdruk soos gemanifesteer deur neutropenie, trombositopenie, anemie of pansitopenie. (Sien "Newe-effekte en Spesiale Voorsorgmaatreëls). Miëlo-onderdrukking is gewoonlik die dosisbeperkende toksisiteit. Pasiënte moet vir miëlo-onderdrukking tydens terapie gemoniteer word en ALIMTA behoort nie aan pasiënte toegedien te word totdat die absolute neutrofieltelling (ANT) tot  $\geq 1500$  selle/mm<sup>3</sup> en die plaatjietelling tot  $\geq 100\ 000$  selle/mm<sup>3</sup> terugkeer nie. Dosisvermindering vir daaropvolgende siklusse word gegrond op laagtepunt ANT, plaatjietelling en maksimum nie-hematologiese toksisiteit wat van die vorige siklus waargeneem word. (Sien "Dosis en Gebruiksaanwysings").

In die Fase 3 mesoteliom EMPHACIS-studie is minder algehele toksisiteit en 'n vermindering in Graad 3/4 hematologiese en nie-hematologiese toksisiteite soos neutropenie,

koorsige neutropenie en infeksie met Graad 3/4 neutropenie gerapporteer toe voorbehandeling met foliensuur en vitamien B<sub>12</sub>, toegedien is. Pasiënte wat met ALIMTA behandel word, moet dus aangeraai word om foliensuur en vitamien B<sub>12</sub> as 'n profilaktiese maatreël te neem om behandelingsverwante toksisiteit te verminder. (Sien "Dosis en Gebruiksaanwysings").

Velreaksies is aangemeld by pasiënte wat nie vooraf met 'n kortikosteroïed behandel is nie. Voorbehandeling met deksametasoon of 'n ekwivalent kan die voorkoms en erns van velreaksies verminder. (Sien "Dosis en Gebruiksaanwysings").

'n Ontoereikende aantal pasiënte met kreatinienopruiming van <45 ml/min is bestudeer. Dus word die gebruik van ALIMTA by pasiënte met kreatinienopruiming van <45 ml/min nie aanbeveel nie. (Sien "Dosis en Gebruiksaanwysings").

Pasiënte met ligte tot matige renale ontoereikendheid (kreatinienopruiming van 45 - 79 ml/min) behoort die inname van nie-steroïdale anti-inflammatoriese middels (NSAIMs) met kort eliminasië halfleeftyd vir ten minste 2 dae voor, op die dag van, of ten minste 2 dae na toediening van ALIMTA te vermy. Alle pasiënte wat vir ALIMTA-terapie geskik is, behoort die inname van NSAIMs met lang eliminasië halfleeftyd vir ten minste 5 dae voor, op die dag van, en ten minste 2 dae na toediening van ALIMTA te vermy. (Sien "Interaksies").

Die effek van derde spasie vloeistof, soos pleurale effusie of askites, op ALIMTA is nog nie volledig gedefinieer nie. 'n Fase 2 studie van pemetreksed by 31 soliede tumor pasiënte met normale renale funksie en stabiele derde spasie vloeistof het geen verskil in pemetreksed-dosis genormaliseerde plasmakonsentrasies of opruiming vergeleke met pasiënte sonder versamelings van derde spasie vloeistof, gedemonstreer nie. Dreinerings van versamelings van derde spasie vloeistof voor pemetreksed by pasiënte met normale renale funksie behoort oorweeg te word, maar mag nie nodig wees nie.

### **INTERAKSIES:**

ALIMTA word primêr onveranderd deur die nier uitgeskei as gevolg van glomerulêre filtrasië en tubulêre sekresie. *In vitro* studies dui aan dat ALIMTA aktief deur OAT3 (organiese anioontransporteerder-3) uitgeskei word. Gelyktydige toediening van nefrotoksiese medisyne kan vertraagde opruiming van ALIMTA veroorsaak. Gelyktydige toediening van stowwe wat tubulêr uitgeskei word (bv. probenesied), kan potensieel vertraagde opruiming van ALIMTA veroorsaak.

Alhoewel NSAIMs in matige dosisse saam met ALIMTA toegedien kan word by pasiënte met normale renale funksie (kreatinienopruiming  $\geq$  80 ml/min), behoort omsigtigheid gebruik te word wanneer NSAIMs saam met ALIMTA aan pasiënte met nierontoereikendheid (kreatinienopruiming 45 - 79 ml/min) toegedien word.

Kliniese studies het 'n afname in die opruiming van ALIMTA na gelyktydige toediening van ibuprofeen aangedui. Dit word aanbeveel dat pasiënte met ligte tot matige nierontoereikendheid die inname van NSAIMs met kort eliminasië halfleeftyd vir ten minste 2 dae voor, op die dag van, en ten minste 2 dae na toediening van ALIMTA moet vermy.

In die afwesigheid van data oor die potensieële interaksie tussen ALIMTA en NSAIMs met langer halfleeftyd, behoort pasiënte met ligte tot matige nierontoereikendheid wat sulke NSAIMs neem, dosering vir ten minste 5 dae voor, op die dag van, en ten minste 2 dae na ALIMTA-toediening te onderbreek. Indien gelyktydige toediening van NSAIMs nodig is,

behoort pasiënte noukeurig gemoniteer te word vir toksisiteit, veral miëlo-onderdrukking en gastroïntestinale toksisiteit.

Asetielsalisiëlsuur, wat in lae tot matige dosisse (325 mg oraal elke 6 uur) toegedien word, affekteer nie die farmakokinetika van ALIMTA nie.

Die farmakokinetika van ALIMTA word nie deur gelyktydig toegediende sispлатien of karpoplátien beïnvloed nie. Op soortgelyke wyse word die farmakokinetika van totale platinum nie deur ALIMTA verander nie. Orale foliensuur- en binnespiëse vitamien B<sub>12</sub> - supplementasie affekteer nie die farmakokinetika van ALIMTA nie.

ALIMTA ondergaan beperkte hepatische metabolisme. Resultate van *in vitro* studies met menslike mikrosome, het aangedui dat dit voorspel kan word dat ALIMTA nie klinies beduidende inhibisie van die metaboiese opruiming van medisyne wat deur CYP3A, CYP2D6, CYP2C9 en CYP1A2 gemetaboliseer word, sal veroorsaak nie.

### **SWANGERSKAP EN LAKTASIE:**

#### ***Swangerskap:***

Daar is geen data oor die gebruik van ALIMTA by swanger vrouens beskikbaar nie. Dierestudies het voortplantingstoksiseit soos geboortedefekte en ander defekte in die ontwikkeling van die fetus, die verloop van gestasie en voor- en na-ontwikkeling, aangedui. Die potensiële risiko vir die mens is onbekend. Die gebruik van ALIMTA behoort dus vermy te word tydens swangerskap as gevolg van die potensiële gevaar vir die fetus. Vrouens behoort ook aangeraai te word om swangerskap te vermy terwyl hulle met ALIMTA behandel word.

#### ***Laktasie:***

Dit is nie bekend of ALIMTA in menslike melk uitgeskei word nie. Dit word dus nie aanbeveel dat borsvoeding tydens ALIMTA-terapie voorgesit moet word nie.

### **DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS:**

ALIMTA behoort alleenlik onder die toesig van 'n mediese praktisyn wat in die gebruik van antikankerchemoterapie gekwalifiseer is, toegedien te word.

#### **Die ALIMTA-oplossing moet soos volg voorberei word:**

1. Gebruik 'n geskikte aseptiese tegniek tydens die hersamestelling en verdere verdunning van ALIMTA vir intraveneuse toediening.
2. Bereken die dosis en die getal ALIMTA-flessies wat benodig word. Die flessie bevat 'n oormaat ALIMTA om aflewering van die hoeveelheid wat op die etiket aangegee word, moontlik te maak.
3. Voor toediening moet elke 500 mg flessie hersaamgestel word met 20 ml van 'n 0,9 % Natriumchloriedinspuiting, sonder preserveermiddel, wat 'n oplossing met 'n konsentrasie van ongeveer 25 mg/ml ALIMTA lewer. Voeg die 0,9 % Natriumchloriedinspuiting, sonder preserveermiddel, stadig by die flessie en draai dit versigtig in die rondte totdat die poeier volkome opgelos is.
4. **Die hersaamgestelde ALIMTA-oplossing moet verder met 0,9 % Natriumchloriedinspuiting, sonder preserveermiddel, verdun word voor intraveneuse**

infusie. Verdun die geskikte volume van die hersaamgestelde ALIMTA-oplossing verder tot 100 ml met die 0,9 % Natriumchloriedinspuiting, sonder preserveermiddel. Die sakkie behoort versigtig omgekeer te word om die oplossing te meng om 'n homogene oplossing te verkry.

5. ALIMTA bevat geen antibakteriële preserveermiddel nie. Chemiese en fisiese in-gebruik-stabiliteit is gedemonstreer vir die hersaamgestelde oplossing vir 24 uur by 25 °C. Uit 'n mikrobiologiese oogpunt gesien, behoort ALIMTA onmiddellik gebruik te word. Indien dit nie onmiddellik gebruik word nie, is die in-gebruik-opbergingsstye en toestande voor gebruik die verantwoordelikheid van die gebruiker en behoort dit gewoonlik nie langer as 24 uur by 2 – 8 °C te duur nie, tensy hersamestelling of verdunning in gekontroleerde en gevalideerde aseptiese toestande plaasgevind het.

6. ALIMTA moet visueel ondersoek word vir partikels en verkleuring voor toediening.

7. ALIMTA-oplossing behoort dan deur intraveneuse infusie oor 10 minute toegedien te word.

8. Prosedures vir die geskikte hantering en wegdoening moet toegepas word. Sorg moet uitgeoefen word met die hantering en voorbereiding van infusie-oplossings van ALIMTA. Enige ongebruikte inhoud van die flessie behoort weggedoen te word.

#### **ONVERENIGBAARHEDE:**

**ALIMTA behoort SLEGS hersaamgestel en verdun te word met 0,9 % Natriumchloriedinspuiting, sonder preserveermiddel.** (Sien instruksies vir voorbereiding hierbo). ALIMTA is verenigbaar met standaard polivinielchloried toedieningstelle en intraveneuse oplossingsakkies. ALIMTA is fisies onverenigbaar met Ringer-Laktaat-Inspuiting en Ringer-Inspuiting.

Gelyktydige toediening van ALIMTA saam met ander medisyne en verdunningsmiddels is nie bestudeer, en word dus nie aanbeveel nie.

#### ***Maligne pleurale mesoteliom:***

Gekombineerde gebruik met sisplatien:

Volwassenes: By pasiënte wat vir maligne pleurale mesoteliom behandel word, is die aanbevole dosis ALIMTA 500 mg/m<sup>2</sup> wat as 'n intraveneuse infusie oor 10 minute op die eerste dag van elke 21-dag-siklus toegedien word. Die aanbevole dosis sisplatien is 75 mg/m<sup>2</sup>, wat oor 2 uur geïnfuseer word ongeveer 30 minute na voltooiing van die ALIMTA-infusie op die eerste dag van elke 21-dag-siklus.

Pasiënte moet toepaslike hidrasie voor, en/of na ontvangs van sisplatien, ontvang.

#### ***Adenokarsinoom van die long:***

Gebruik as enkelmiddel:

Volwassenes: By pasiënte wat vir adenokarsinoom van die long behandel word, is die aanbevole dosis ALIMTA 500 mg/m<sup>2</sup> wat as 'n intraveneuse infusie oor 10 minute op die eerste dag van elke 21-dag-siklus toegedien word.

Gekombineerde gebruik met sisplatien:

Volwassenes: By pasiënte wat vir nie-kleinsellongkanker behandel word: die aanbevole dosis pemetreksed is 500 mg/m<sup>2</sup> wat as 'n intraveneuse infusie oor 10 minute op die eerste dag van elke 21-dag-siklus, toegedien word. Die aanbevole dosis sisplatin is 75 mg/m<sup>2</sup>, wat oor 2 uur geïnfuseer word ongeveer 30 minute na voltooiing van die ALIMTA-infusie op die eerste dag van elke 21-dag-siklus. Pasiënte moet toepaslike hidrasie voor en/of na ontvangs van sisplatin ontvang.

**Premedikasie regimen:**

Om die voorkoms en erns van velreaksies te verminder, behoort 'n kortikosteroïed gegee te word die dag voor, op die dag van, en die dag na ALIMTA-toediening. Die kortikosteroïed behoort ekwivalent te wees aan 4 mg deksametasoon wat oraal twee keer per dag toegedien word. (Sien “Newe-effekte en Spesiale Voorsorgmaatreëls”).

Om toksisiteit te verminder, behoort pasiënte wat met ALIMTA behandel word, ook vitamien-supplementasie te ontvang (Sien “Newe-effekte en Spesiale Voorsorgmaatreëls”). Pasiënte moet orale foliensuur of 'n multivitamien wat foliensuur bevat (350 tot 1000 mkg) op 'n daaglikse basis neem. Ten minste 5 daaglikse dosisse foliensuur moet gedurende die 7 dae voor die eerste dosis ALIMTA geneem word en dosering behoort voortgesit te word vir die volle terapiekursus en vir 21 dae na die laaste dosis ALIMTA. Pasiënte moet ook 'n binnespieerse inspuiting van vitamien B<sub>12</sub> (1000 mkg) ontvang in die week voor die eerste dosis ALIMTA en elke 3 siklusse daarna.

**Monitering:**

Pasiënte wat ALIMTA ontvang, behoort voor elke dosis gemoniteer te word met 'n vol bloedtelling, insluitend 'n differensiële en 'n plaatjietelling. Periodieke bloedchemietoetse behoort versamel te word om renale en hepatiese funksie te evalueer. Die Absolute Neutrofieltelling (ANT) behoort ≥ 1500 selle/mm<sup>3</sup> en plaatjies behoort ≥ 100 000 selle/mm<sup>3</sup> te wees voor die begin van elke siklus.

**Dosisaanpassings:**

Dosisaanpassings aan die begin van 'n volgende siklus behoort gegrond te word op laagtepunt hematologiese tellings of maksimum nie-hematologiese toksisiteit van die voorafgaande terapiesiklus. Behandeling mag vertraag word om voldoende tyd vir herstel toe te laat. Na herstel, mag pasiënte weer behandel word deur van die riglyne in Tabelle 1, 2 en 3, gebruik te maak, wat van toepassing is op ALIMTA wat as 'n enkelmiddel of in kombinasie met sisplatin gebruik word.

<b>TABEL 1: DOSISMODIFIKASIE TABEL VIR ALIMTA (AS ENKELMIDDEL OF IN KOMBINASIE) EN SISPLATIEN: HEMATOLOGIESE TOKSISITEITE</b>	
Laagtepunt ANT < 500/mm <sup>3</sup> en laagtepunt plaatjies ≥ 50 000/mm <sup>3</sup>	75 % van die vorige dosis ALIMTA en sisplatin
Laagtepunt plaatjies ≤ 50 000/mm <sup>3</sup> sonder bloeding ongeag laagtepunt ANT	50 % van die vorige dosis ALIMTA en sisplatin
Laagtepunt plaatjies ≤ 50 000/mm <sup>3</sup> met bloeding <sup>a</sup> ongeag laagtepunt ANT	50 % van die vorige dosis ALIMTA en sisplatin

<sup>a</sup> Hierdie kriteria stem ooreen met die Nasionale Kanker Instituut (NCI) se Algemene Toksisiteit Kriteria(CTC)\_weergawe 2.0 (NCI 1998) definisie van ≥ CTC Graad 2 bloeding.

Indien pasiënte nie-hematologiese toksisiteit (neurotoksisiteit uitgesluit) ≥ Graad 3 ontwikkel, behoort behandeling weerhou te word tot resolusie tot minder as, of gelyk aan die

pasiënt se pre-terapie waarde, plaasgevind het. Behandeling behoort dan voortgesit te word volgens die riglyne in Tabel 2.

<b>TABEL 2: DOSISMODIFIKASIE TABEL VIR ALIMTA (AS ENKELMIDDEL OF IN KOMBINASIE) EN SISPLATIEN: NIE-HEMATOLOGIESE TOKSISITEITE</b> <sup>a, b</sup>		
	<b>Dosis ALIMTA (mg/m<sup>2</sup>)</b>	<b>Dosis sisplatiën (mg/m<sup>2</sup>)</b>
Enige Graad 3 of 4 toksisiteit behalwe mukositis	75 % van die vorige dosis	75 % van die vorige dosis
Enige diarree wat hospitalisasie nodig het (ongegag die graad) of Graad 3 of 4 diarree	75 % van die vorige dosis	75 % van die vorige dosis
Graad 3 of 4 mukositis	50 % van die vorige dosis	100 % van die vorige dosis

<sup>a</sup> Nasionale Kanker Instituut se Algemene Toksiteit Kriteria (CTC)

<sup>b</sup> Neurotoksiteit uitgesluit

In 'n geval van neurotoksiteit, word die aanbevole dosisaanpassing vir ALIMTA en sisplatiën aangedui in Tabel 3: Pasiënte behoort terapie te staak indien Graad 3 of 4 neurotoksiteit waargeneem word.

<b>TABEL 3: DOSISMODIFIKASIE TABEL VIR ALIMTA (AS ENKELMIDDEL OF IN KOMBINASIE) EN SISPLATIEN: NEUROTOKSISITEIT</b>		
<b>CTC* Graad</b>	<b>Dosis ALIMTA (mg/m<sup>2</sup>)</b>	<b>Dosis Sisplatiën (mg/m<sup>2</sup>)</b>
0-1	100 % van die vorige dosis	100 % van die vorige dosis
2	100 % van die vorige dosis	50 % van die vorige dosis

\* Algemene Toksiteit Kriteria (CTC)

Behandeling met ALIMTA behoort gestaak te word indien 'n pasiënt enige hematologiese of nie-hematologiese Graad 3 of 4 toksisiteit na twee dosisvermindings ondervind of onmiddellik indien Graad 3 of 4 neurotoksiteit waargeneem word.

*Bejaardes:* In kliniese studies was daar geen aanduiding dat pasiënte van 65 jaar of ouer aan 'n verhoogde risiko van nadelige reaksies vergeleke met pasiënte jonger as 65 jaar, blootgestel word nie. Geen dosisvermindering, behalwe dié wat vir alle pasiënte aanbeveel word, is nodig nie.

*Pediatrie:* ALIMTA word nie vir gebruik by pasiënte jonger as 18 jaar aanbeveel nie, omdat veiligheid en doeltreffendheid nie by hierdie groep pasiënte vasgestel is nie.

*Pasiënte met renale inkorting* (Standaard Cockcroft en Gault formule of Glomerulêre Filtrasietempo gemeet deur Tc99m-DPTA-serumopruimingsmetode): ALIMTA word primêr onveranderd deur renale uitskeiding geëlimineer. In kliniese studies het pasiënte met kreatinienopruiming van  $\geq 45$  ml/min geen dosisaanpassings, behalwe dié wat vir alle

pasiënte aanbeveel word, nodig gehad nie. Daar is onvoldoende data beskikbaar oor die gebruik van ALIMTA by pasiënte met kreatinienopruiming onder 45 ml/min; dus word die gebruik van ALIMTA nie aanbeveel nie. (Sien “Nuwe-effekte en Spesiale Voorsorgmaatreëls”).

*Pasiënte met hepatiese inkorting:* Geen verwantskappe tussen AST (SGOT), ALT (SGPT), of totale bilirubien en ALIMTA-farmakokinetika is geïdentifiseer nie, maar pasiënte met hepatiese inkorting soos bilirubien > 1,5 keer die boonste limiet van normaal en/of transaminases > 3,0 keer die boonste limiet van normaal (hepatiese metastases afwesig), of > 5,0 keer die boonste limiet van normaal (hepatiese metastases teenwoordig), is nie spesifiek bestudeer nie.

#### **NEWE-EFFEKTE EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS:**

***Effek op die vermoë om te bestuur en masjiene te gebruik:***

Geen studies oor effekte op die vermoë om te bestuur en masjiene te gebruik, is uitgevoer nie. Daar is egter aangemeld dat ALIMTA moegheid mag veroorsaak. Pasiënte moet dus teen bestuur of die gebruik van masjiene, gewaarsku word.

***Nuwe-effekte:***

**Kliniese studiedata:**

**In kombinasie met sisplatien (MPM):**

Onderstaande tabel verskaf die frekwensie en erns van ongewenste effekte wat aangemeld is by >5 % van 168 pasiënte met mesoteliom wat willekeurig ingedeel is om sisplatien en ALIMTA te ontvang en 163 pasiënte met mesoteliom wat willekeurig ingedeel is om enkelmiddel sisplatien te ontvang. In beide behandelingsbene is hierdie chemonäewe pasiënte volledig gesuplementeer met foliensuur en vitamien B<sub>12</sub>.

**TABEL 4**

Sisteem- Orgaankla s	Frekwensie	Insident*	ALIMTA/ sisplatien		Sisplatien	
			(n = 168)		(n = 163)	
			Alle Grade Toksisi- teit (%)	Grade 3-4 Toksisi- teit (%)	Alle Grade Toksisi- teit (%)	Grade 3-4 Toksisi- teit (%)
Bloed- en limfatiese sisteem- versteur- ings	Baie alge- meen	Neutrofiele/ granulosiete verminder	56,0	23,2	13,5	3,1
		Leukosiete verminder	53,0	14,9	16,6	0,6

		Hemoglobien verminder	26,2	4,2	10,4	0,0
		Plaatjies verminder	23,2	5,4	8,6	0,0
Oogversteurings	Algemeen	Konjunktivitis	5,4	0,0	0,6	0,0
Gastro-intestinale versteurings	Baie algemeen	Naarheid	82,1	11,9	76,7	5,5
		Braking	56,5	10,7	49,7	4,3
		Stomatitis/ faringitis	23,2	3,0	6,1	0,0
		Anoreksie	20,2	1,2	14,1	0,6
		Diarree	16,7	3,6	8,0	0,0
	Hardlywigheid	11,9	0,6	7,4	0,6	
	Algemeen	Dispepsie	5,4	0,6	0,6	0,0
Algemene versteurings	Baie algemeen	Moegheid	47,6	10,1	42,3	9,2
Metabolisme en voedingversteurings	Algemeen	Dehidrasie	6,5	4,2	0,6	0,6
Senu-sisteamversteurings	Baie algemeen	Sensoriese Neuropatie	10,1	0,0	9,8	0,6
	Algemeen	Disgeusie	7,7	0,0***	6,1	0,0***
Renale versteurings	Baie algemeen	Serumkreatinienverhoging	10,7	0,6	9,8	1,2
		Kreatinienopruiming verminder**	16,1	0,6	17,8	1,8
Vel- en onderhuidse weefselversteurings	Baie algemeen	Veluitslag	16,1	0,6	4,9	0,0
		Alopesie	11,3	0,0***	5,5	0,0***

\* Verwys na Nasionale Kanker Instituut CTC (weergawe 2.0) vir elke graad van toksisiteit behalwe vir die term ‘kreatinienopruiming verminder\*\*’ wat van die CTC-term “renaal /genito-urinêr - ander” afgelei word.

Baie algemeen:  $\geq 10\%$

Algemeen:  $>5\%$  en  $<10\%$

(Vir die doel van hierdie tabel is 'n afsnypunt van 5 % gebruik vir insluiting van alle insidente waar die beriggewer 'n moontlike verwantskap met ALIMTA en sisplatien oorweeg het).  
 \*\*\* Volgens NCI CTC (weergawe 2.0) behoort disgeusie en alopesie slegs as graad 1 of 2 gerapporteer te word.

Klinies relevante toksisiteit wat aangemeld is by  $\geq 1\%$  en  $\leq 5\%$  (algemeen) van alle pasiënte wat willekeurig toegeken is om sisplatien en ALIMTA te ontvang, sluit verhoogde AST, ALT en GGT, infeksie, koorsige neutropenie, nierversaking, borspyn, pireksie en urtikarie in.

Klinies relevante toksisiteit wat aangemeld is by  $<1\%$  (ongewoon) van die pasiënte wat willekeurig toegeken is om sisplatien en ALIMTA te ontvang, sluit disritmie en motor-neuropatie in.

### **In kombinasie met sisplatien (NSCLC):**

Die onderstaande tabel verskaf die frekwensie en erns van ongewenste effekte wat as moontlik verwant aan studiemedisynie beskou is en wat aangemeld is by  $> 5\%$  van 839 pasiënte met NSCLC wat willekeurig ingedeel is vir die studie en sisplatien en pemetreksed ontvang het en 830 pasiënte met NSCLC wat willekeurig ingedeel is vir die studie en sisplatien en gemsitabien ontvang het. Alle pasiënte het studietoerapie as aanvanklike behandeling vir plaaslik gevorderde of metastatiese NSCLC ontvang en pasiënte in beide behandelingsgroepe is volledig gesupplementeer met foliensuur en vitamien B12.

**TABEL 5**

Sisteem- Orgaanklas	Frekwensie	Insident*	Pemetreksed/ sisplatien (N = 839)		Gemsitabien/ sisplatien (N = 830)	
			Alle Grade Toksisi- teit (%)	Grade 3-4 Toksisi- teit (%)	Alle Grade Toksisi- teit (%)	Grade 3-4 Toksisi- teit (%)
Bloed- en limfatiese sisteem- versteurings	Baie Alge- meen	Hemoglobien	33.0	5.6	45.7	9.9
		Neutrofiele/ granulosiete	29.0	15.1	38.4	26.7
		Leukosiete	17.8	4.8	20.6	7.6
		Plaatjies	10.1	4.1	26.6	12.7

Gastro-intestinale versteurings	Baie Algemeen	Naarheid	56.1	7.2	53.4	3.9
		Braking	39.7	6.1	35.5	6.1
		Anoreksie	26.6	2.4	24.2	0.7
		Hardlywigheid	21.0	0.8	19.5	0.4
		Stomatitis/ faringitis	13.5	0.8	12.4	0.1
		Diarree sonder kolostomie	12.4	1.3	12.8	1.6
	Algemeen	Dispepsie/ sooibrand	5.2	0.1	5.9	0.0
Algemene versteurings en toestande by die toedieningsplek	Baie Algemeen	Moegheid	42.7	6.7	44.9	4.9
Senu-sisteem-versteurings	Algemeen	Neuropatie-sensories	8.5	0,0	12.4	0,6
		Smaakversteuring	8.1	0,0**	8.9	0,0**
Renale en urinêre versteurings	Baie Algemeen	Kreatinien	10.1	0.8	6.9	0.5
Vel- en onderhuidse weefsel-versteurings	Baie Algemeen	Alopesie	11.9	0**	21.4	0.5**
		Algemeen	Veluitslag/ afskilfering	6.6	0.1	8

\* Verwys na NCI CTC Kriteria (weergawe 2.0) vir elke Graad van Toksisiteit.

\*\* Volgens NCI CTC Kriteria (weergawe 2.0) behoort smaakversteuring en alopesie slegs as Graad 1 of 2 gerapporteer te word.

Baie algemeen:  $\geq 10\%$ ; Algemeen:  $>5\%$  en  $<10\%$  (vir die doel van hierdie tabel is 'n afsnypunt van  $5\%$  gebruik vir insluiting van alle insidente waar die beriggewer 'n moontlike verwantskap met ALIMTA en sisplatin oorweeg het).

Klinies relevante toksisiteit wat aangemeld is by  $\geq 1\%$  en  $\leq 5\%$  (algemeen) van die pasiënte wat willekeurig toegeken is om sisplatin en ALIMTA te ontvang, sluit in: AST verhoging, ALT verhoging, infeksie, koorsige neutropenie, nierversaking, pireksie, dehidrasie, konjunktivitis, en afname in kreatinienopruiming.

Klinies relevante toksisiteit wat aangemeld is by <1 % (ongewoon) van die pasiënte wat willekeurig toegeken is om sisplatin en ALIMTA te ontvang, sluit GGT toename, borspyn, aritmie, en motor-neuropatie in.

### Enkelmiddel ALIMTA na vorige chemoterapie:

Die onderstaande tabel verskaf die frekwensie en erns van ongewenste effekte wat aangemeld is by >5 % van 265 pasiënte wat willekeurig ingedeel is om enkelmiddel ALIMTA met foliensuur- en vitamien B12-supplementasie te ontvang, en 276 pasiënte wat willekeurig ingedeel is om enkelmiddel doketaksel te ontvang. Alle pasiënte is gediagnoseer met plaaslik gevorderde metastatiese nie-kleinsellongkanker en het vorige chemoterapie ontvang.

**TABEL 6**

Sisteem- Orgaanklas	Frekwensie	Insident*	ALIMTA		Doketaksel	
			(n = 265)		(n = 276)	
			Alle Grade Toksisi- teit (%)	Grade 3-4 Toksisi- teit (%)	Alle Grade Toksisi- teit (%)	Grade 3-4 Toksisi- teit (%)
Bloed- en limfatiese sisteem- versteurings	Baie alge- meen	Verminderde hemoglobien	19,2	4,2	22,1	4,3
		Verminderde leukosiete	12,1	4,2	34,1	27,2
		Verminderde neutrofiele/ granulosiete	10,9	5,3	45,3	40,2
	Alge- meen	Verminderde plaatjies	8,3	1,9	1,1	0,4
Gastro- intestinale versteurings	Baie alge- meen	Naarheid	30,9	2,6	16,7	1,8
		Anoreksie	21,9	1,9	23,9	2,5
		Braking	16,2	1,5	12,0	1,1
		Stomatitis/ faringitis	14,7	1,1	17,4	1,1
		Diarree	12,8	0,4	24,3	2,5
	Alge- meen	Hardlywigheid	5,7	0,0	4,0	0,0
		AST (SGOT)	6,8	1,1	0,7	0,0
Algemene versteurings	Baie alge- meen	Moegheid	34,0	5,3	35,9	5,4

	Algemeen	Koors	8,3	0,0	7,6	0,0
Hepato-biliêre versteurings	Algemeen	ALT (SGPT)	7,9	1,9	1,4	0,0
Vel- en onder-huidse weefsel-versteurings	Baie algemeen	Veluitslag/afskilfering	14,0	0,0	6,2	0,0
	Algemeen	Pruritus	6,8	0,4	1,8	0,0
		Alopesie	6,4	0,4**	37,7	2,2**

\* Verwys na Nasionale Kanker Instituut CTC (weergawe 2.0) vir elke graad van toksisiteit.

\*\* Volgens NCI CTC (weergawe 2.0) behoort alopesie slegs as Graad 1 of 2 gerapporteer te word.

Baie algemeen:  $\geq 10\%$

Algemeen:  $>5\%$  en  $<10\%$

(Vir die doel van hierdie tabel is 'n afsnypunt van  $5\%$  gebruik vir insluiting van alle insidente waar die beriggewer 'n moontlike verwantskap met ALIMTA oorweeg het).

Klinies relevante CTC-toksisiteite wat aangemeld is by  $\geq 1\%$  en  $\leq 5\%$  (algemeen) van die pasiënte wat willekeurig toegeken is om ALIMTA te ontvang, sluit sensoriese neuropatie, motor-neuropatie, abdominale pyn, verhoogde kreatinien, koorsige neutropenie, infeksie sonder neutropenie, allergiese reaksie/ hipersensitiwiteit en erythema multiforme, in.

Klinies relevante CTC-toksisiteit wat aangemeld is by  $<1\%$  (ongewoon) van die pasiënte wat willekeurig toegeken is om ALIMTA te ontvang, sluit supraventrikulêre disritmieë in.

Klinies relevante Graad 3 en Graad 4 laboratorium-toksisiteite was soortgelyk tussen geïntegreerde Fase 2 resultate van drie enkelmiddel Alimta-studies ( $n = 164$ ) en die Fase 3 enkelmiddel ALIMTA-studie wat hierbo beskryf is, met die uitsondering van neutropenie ( $12,8\%$  versus  $5,3\%$ , onderskeidelik) en verhoging van alanientransaminase ( $15,2\%$  versus  $1,9\%$ , onderskeidelik). Hierdie verskille was waarskynlik die gevolg van die verskille in die pasiëntbevolking, omdat die Fase 2 studies beide chemonaiëwe en swaar vooraf-behandelde borskanker pasiënte met vooraf-bestaande lewermetastases en/of abnormale basislyn lewerfunksietoetse, ingesluit het.

### **Enkelmiddel pemtreksed vir onderhoudsbehandeling van adenokarsinoom van die long:**

Die onderstaande tabel verskaf die frekwensie en erns van ongewenste effekte wat as moontlik verwant aan studiegeneesmiddel beskou is wat aangemeld is by  $> 5\%$  van 441 pasiënte wat willekeurig ingedeel is om enkelmiddel pemtreksed te ontvang, en 222 pasiënte wat willekeurig ingedeel is om plasebo te ontvang. Alle pasiënte is gediagnoseer met Stadium IIIB of 4 NSCLC en het vorige platinum-351-gebaseerde chemoterapie ontvang. Pasiënte in beide bene van die studie is volledig gesupplementeer met foliensuur en vitamien B<sub>12</sub>.

**Tabel 7**

Sisteem- Orgaanklas	Frekwensie	Insident*	Pemetreksed (N = 441)		Plasebo (N = 222)	
			Alle Grade Toksisi- teit (%)	Grade 3-4 Toksisi- teit (%)	Alle Grade Toksisi- teit (%)	Grade 3-4 Toksisi- teit (%)
Bloed- en Limfatiëse Versteurings	Baie Algemeen	Hemoglobien	15,2	2,7	5,4	0,5
	Algemeen	Leukosiete	6,1	1,6	1,4	0,5
		Neutrofiele	5,9	2,9	0,0	0,0
Gastro- intestinale versteurings	Baie algemeen	Naarheid	18,8	0,9	5,4	0,5
		Anoreksie	18,6	1,8	5,0	0,0
	Algemeen	Braking	8,6	0,2	1,4	0,0
		Mukositis/ stomatitis	7,0	0,7	1,8	0,0
		Diarree	5,2	0,5	2,7	0,0
Algemeen	Baie Algemeen	Moegheid	24,5	5,0	10,4	0,5
Hepato- biliëre versteurings	Algemeen	ALT (SGPT)	9,5	0,2	3,6	0,0
		AST (SGOT)	8,2	0,0	3,6	0,0
Infeksies en infestasies	Algemeen	Infeksie	5,2	1,6	1,8	0,0
Vel- en onder- huidse weefsel- versteurings	Baie Algemeen	Veluitslag/ Afskilfering	10,0	0,0	3,2	0,0
Senu- sisteem- Versteurings	Algemeen	Sensoriese Neuropatie	8,8	0,7	4,1	0,0

Verwys na NCI CTCAE Kriteria (weergawe 3.0) vir elke Graad van toksisiteit.

Baie algemeen: >10 %; Algemeen: >5 % en <10 % (vir die doel van hierdie tabel is 'n afsnypunt van 5 % gebruik vir insluiting van alle insidente waar die beriggewer 'n moontlike verwantskap met ALIMTA oorweeg het).

Klinies relevante CTC-toksisiteit van enige graad wat aangemeld is by  $\geq 1\%$  en  $\leq 5\%$  (algemeen) van die pasiënte wat willekeurig toegeken is om ALIMTA te ontvang, sluit in: verminderde plaatjies, verminderde kreatinienopruiming, hardlywigheid, edeem, alopesie, verhoogde kreatinien, pruritus/ jeuk, koors (in die afwesigheid van neutropenie), siekte van die oppervlak van die oog (insluitend konjunktivitis), verhoogde lakrimasie, en verminderde glomerulêre filtrasietyempo.

Klinies relevante CTC-toksisiteit wat aangemeld is by  $<1\%$  (ongewoon) van die pasiënte wat willekeurig toegeken is om ALIMTA te ontvang, sluit in: koorsige neutropenie, allergiese reaksie/ hipersensitiwiteit, motor-neuropatie, erythema multiforme, nierversaking en supraventrikulêre disritmie.

**Addisionele Kliniese Studiedata:**

In kliniese studies het sepsis wat in sommige gevalle noodlottig was, by ongeveer 1 % van die pasiënte voorgekom.

**Nabemarkingdata:**

*Gastroïntestinaal:* Seldsame gevalle van kolitis is aangemeld by pasiënte wat met Alimta behandel is.

*Algemene versteurings en toestande by die toedieningsplek:* Seldsame gevalle van edeem is aangemeld by pasiënte wat met Alimta behandel is.

*Respiratories:* Seldsame gevalle van interstisiële pneumonitis is aangemeld by pasiënte wat met ALIMTA behandel is.

*Besering, vergiftiging en prosedurele komplikasies:* Seldsame gevalle van bestraling herroeping is aangemeld by pasiënte wat vantevore radioterapie ontvang het.

*Vel:* Seldsame gevalle van bulleuse toestande is aangemeld, insluitend Stevens-Johnson-sindroom en toksiese epidermale nekrolise wat in sommige gevalle noodlottig was.

**BEKENDE SIMPTOME VAN OORDOSERING EN BESONDERHEDE VAN DIE BEHANDELING DAARVAN:**

Gerapporteerde simptome van oordosering sluit neutropenie, anemie, trombositopenie en veluitslag, in. Die verwagte komplikasies van oordosis sluit beenmurgonderdrukking soos gemanifesteer deur neutropenie, trombositopenie en anemie, in. Daarbenewens, mag infeksie met of sonder koors, diarree en mukositis, waargeneem word. In geval van vermoede oordosis, behoort pasiënte gemoniteer te word deur middel van bloedtellings en behoort hulle ondersteunende terapie soos nodig te ontvang. Die gebruik van leukovorin in die hantering van ALIMTA-oordosis behoort oorweeg te word.

**IDENTIFIKASIE:**

‘n Wit tot ligte geel óf groen-geel geliofiliseerde vaste stof in ‘n 50 ml Tipe 1 helder, glasflessie, wat met ‘n grys broombutiel rubberprop gesluit en met ‘n aluminiumseël met ‘n polipropileen opknipdoppie verseël word.

**AANBIEDING:**

Enkel-flessie verpakkings.

**BEWARINGSINSTRUKSIES:**

Bewaar by kamertemperatuur onder 25 °C. Hou buite bereik van kinders.

**REGISTRASIENOMMER:**

39/26/0028

**NAAM EN BESIGHEIDSADRES VAN DIE HOUER VAN DIE  
REGISTRASIESERTIFIKAAT:**

Eli Lilly (SA) (Edms) Bpk

Petuniastraat 1

BRYANSTON 2021

Suid-Afrika

**DATUM VAN PUBLIKASIE VAN DIE VOUBILJET:**

07 Desember 2012